Downloaded from Stanmorephysics.com

education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

4. Trek ‘n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: LEESBEGRIP


### VRAAG 1: ARTIKEL EN GRAFIESE TEKS

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS A**



**Tshepo**



**Johan**



**Nina**



**Karla**

**SPLINTERNUWE TELENOVELA OP kyknet**

1 Die nuwe reeks, Diepe Waters, speel af in en om die kompeterende Swart Marlyne swemklub. Dis beslis 'n móét kyk vir jongmense, met heelwat lewenslesse om te leer. Diegene met 'n liefde vir drama, intrige en romanse kan maar hulle plekke op die rusbank voor die kassie inneem. In die reeks verskyn verskeie veteraan akteurs, maar ook 'n paar skermgroentjies.

2 Die akteur, Justin Strydom, speel die rol van Gys Swarts. Hy is die eienaar van die swemklub en ook die oupa van Karla en Johan. Hy plaas baie druk op die jong swemmers in die klub om te presteer. Dis juis hierdie jong, talentvolle akteurs wat die reeks ideaal maak vir jong kykers. Jongmense sal beslis met die probleme en vrese van hierdie karakters kan identifiseer.

3 Die jong akteur, Johnny Potsanyane, speel die rol van Tshepo Buti. Tshepo het sy ouers op 'n jong ouderdom verloor en sy pa se jeugvriend, Henry, het hom aangeneem en grootgemaak. Henry begin by die swemklub werk en dis dáár waar Tshepo se swemtalent ontdek word. In die reeks word Tshepo 'n ster-atleet te danke aan sy natuurlike talent. Hy straal stille selfvertroue uit. Sy droom is om aan die Olimpiese Spele deel te neem, sodat hy vir hom en Henry 'n huis kan koop.

4 Johnny is self ‘n aangenome kind. Hy wou baie graag na dieselfde skool as sy broer gaan, maar hy kon glad nie Afrikaans praat nie. "Ek het begin deur my ma en pa af te luister wat altyd so lekker in Afrikaans oor my geskinder het. My eerste Afrikaanse woord was 'boerseun'. Ek wil baie graag aanhou toneelspeel, maar ek wil ook 'n verskil in mense, veral kinders, se lewens maak."

5 Liam Bosman vertolk die rol van Johan Swarts, die kleinseun van Gys Swarts. Liam is nóú soos 'n vis in die water, maar volgens hom was die voorbereiding vir die rol nie maklik nie. Hy moes baie hard oefen om agt kilogram te verloor, voordat die verfilming van die reeks begin het. Johan probeer sy bes om sy oupa in die swembad te beïndruk. Johan se grootste mededinger is Tshepo.

Downloaded from Stanmorephysics.com


Hy is uiters kompeterend en hou nie daarvan om tweede te kom nie. Johan is ook gewoond aan baie aandag van die meisies – en hy hou daarvan! Die druk om te presteer eis sy tol. Hy begin opkikkers gebruik en maak homself skuldig aan baie oortredings as gevolg hiervan. Kykers kan sy herstelpad en persoonlike groei dophou, soos die reeks vorder.

6 Reze-Tiana Wessels speel die rol van Nina. Sy vertel sy moes hard voorberei vir haar rol as swemmer. Reze-Tiana sê: "Ek is mal oor Nina se karakter. Sy is 'n entoesiastiese mens wat in haarself glo. Sy is ‘n regte *Go-getter*. Sy stel vir haarself doelwitte en werk hard. Nina is 'n skaam, slim introvert met groot swemtalent. Sy hou daarvan om alleen te wees met haar neus in 'n boek. Na 'n baie slegte ervaring sukkel sy om mense te vertrou." Tshepo ondersteun haar en oortuig haar om met haar ouers te praat oor haar ervaring en hulp te kry. Hulle vriendskap ontwikkel in 'n mooi liefdesverhouding.

7 Die rol van Johan se sussie Karla en Nina se beste vriendin, word vertolk deur Daniëlle Swanepoel. Die nuweling-aktrise is, soos haar karakter, nog op skool en het min tyd om by alles uit te kom. Karla is die goue kind van die Swarts-gesin. 'n Regte prestasie-hasie. Haar ma en oupa is so behep met die idee dat sy die beste swemmer in haar ouderdomsgroep moet wees, dat hulle haar menswees en tienerwees uit die oog verloor. Die tiener – met al die angs en drama so eie aan díe fase van ‘n mens se lewe – sukkel om die geweldige druk wat haar ma en oupa op haar skouers plaas, te hanteer. Dié druk en onregverdige verwagtinge word vir haar te veel. Haar vrees om haar ma teleur te stel, veroorsaak dat sy 'n eetversteuring ontwikkel.

8 Die reeks is 'n goeie uitbeelding van alledaagse probleme in gesinne en veral in die lewe van jongmense. Die invloed van volwassenes is baie groter as wat hulle besef. Die druk is dikwels só groot, dat jongmense se geestes- en fisieke gesondheid daardeur beïnvloed word. Grootmense is dikwels nie bewus daarvan nie. Baie ouers sien nie die tekens van emosionele swaarkry raak nie of, hulle ignoreer dit doelbewus.

9 Kinders wil altyd hulle ouers trots maak. Ouers besef nie altyd hoe ongesond hierdie pogings om hulle tevrede te stel, kan wees nie.

[Verwerk uit Maroela media,Pressreader, e.a]

1.1 Skryf EEN woord uit die opskrif neer wat aandui dat die reeks nog nie voorheen op televisie uitgesaai is nie. (1)

1.2 Wat is die naam van die swemklub waar die gebeure afspeel? (1)

1.3 Waarna verwys "kassie" in paragraaf 1? (1)

1.4 Lees paragraaf 1.

1.4.1 Gee die woord wat gebruik word om **ervare** akteurs te beskryf. (1)

1.4.2 Skryf 'n woord neer wat 'n goeie beskrywing is vir akteurs wat vir die **eerste** keer op TV verskyn. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.5 Haal 'n sin aan uit paragraaf 2 as bewys dat die eienaar baie van die swemmers in die klub verwag. (1)

1.6 Wat is die probleme en vrese waarna in paragraaf 2 verwys word? Verwys na **probleme** en **vrese** in in jou antwoord. (2)

1.7 Dink jy dit sal goed wees vir jongmense om die reeks te volg? Motiveer in jou eie woorde. (1)

1.8 Lees paragraaf 3 en 4.

1.8.1 Skryf TWEE OPEENVOLGENDE woorde neer wat aandui dat Tshepo sterk karakter eienskappe het, sonder om daarmee te spog. (1)

1.8.2 Watter OOREENKOMS is daar tussen Johnny Potsanyane en sy karakter Tshepo? (1)

1.9 Lees weer paragraaf 5.

Hoe het Johnny geleer Afrikaans praat? (1)

1.10 Watter rol in die reeks word deur Liam Bosman vertolk? (1)

1.11 Waaruit lei ons af dat Johan se voorbereiding vir die reeks nie maklik was nie? (1)

1.12 Hy hou nie daarvan om tweede te kom nie. (Paragraaf 5)

1.12.1 Verduidelik in jou eie woorde wat die sin hierbo beteken. (1)

1.12.2 Wat laat jou dink die druk om te presteer het Johan negatief beïnvloed? Gee EEN rede vir jou antwoord. (1)

1.13 Paragraaf 6. Nina is ‘n regte *Go-getter.*

Verduidelik waarom die beskrywing by haar karakter pas. (2)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Karla is die **goue kind** van die Swarts gesin.

Die sin hierbo is ‘n voorbeeld van FIGUURLIKE taal, omdat Karla …

A baie van goud hou.
B 'n probleemkind is.
C presteer en baie talent het.
D baie van swem hou. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.15 Kies die KORREKTE antwoord uit die tussen hakies.

Die gebruik van die woord **prestasie-hasie** is gepas omdat (dit 'n snaakse woord is wat moeilik is om te verstaan/die teikengroep van die artikel jongmense is en dit pas by die inhoud van die artikel). (1)

1.16 Waarom ontwikkel Karla 'n eetversteuring? (1)

1.17 Hoe help die foto's jou met die verstaan van die teks? (1)

1.18 Skryf 'n woord uit paragraaf 8 neer wat beteken dat ouers opsetlik nie hul kinders se swaarkry sien nie. (1)


1.19 Wat is die les wat volwassenes uit hierdie artikel kan leer? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


**TEKS B: GRAFIESE TEKS EN VOORSTELLING OOR OLIMPIESE MEDALJES**

Bestudeer die grafiese teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AANTAL MEDALJES DEUR SUID-AFRIKANERS PER SPORTSOORT VERWERF**




**PRENTE VERTEENWOORDIG ELK EEN SPORTSOORT**



**A** **B** **C** **D** **E** **F**

[Verwerk uit google images]

1.20 In watter sportsoort het Suid-Afrika die meeste Olimpiese medaljes verwerf? (1)

1.21 Waarom dink jy vaar Suid-Afrikaners so goed in hierdie sport? (1)

1.22 Na watter sportsoort verwys prentjie A? (1)

1.23 Noem EEN van die sportsoorte op die sirkelgrafiek wat nie in die voorstellings (A–F) verteenwoordig word nie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.24 In watter sport word drie verskillende sportsoorte gekombineer? (1)

1.25 Hoe help die grafiese voorstelling jou om die inligting beter te verstaan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Swem is 'n sport waaraan byna almal kan deelneem en boonop goed vir jou gesondheid kan wees.

**INSTRUKSIES**

- Som die SEWE VOORDELE van SWEM op.
- Skryf die feite puntsgewys neer.
- Nommer die voordele van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**DIE VOORDELE VAN SWEM**

In die meeste sportsoorte word die mense wat daaraan deelneem, se liggame net sterker in dié dele wat hulle die meeste gebruik om in die spesifieke sportsoort te presteer. Swem is egter ‘n sport wat heelwat voordele inhou.

Om deur die water te kan beweeg moet swemmers hul arms en bene, asook ander spiergroepe in die rug en die maag, gebruik. Swembewegings help om krag en spiermassa te laat toeneem.

Endorfiene is stowwe wat ons plesier verskaf en ontspanne laat voel. Alle sportsoorte bevorder egter nie die afskeiding van hierdie stowwe nie. Wanneer jy swem, skei jou brein wel endorfiene af wat jou help om spanning te verminder. As jy moeg en gespanne voel, is swem dalk net wat jy nodig het. Studies oor díe sportsoort wys dat drie swemsessies van dertig minute per week jou energievlakke aansienlik kan verhoog. Baie sportsoorte het ‘n groot impak op gewrigte en ander sensitiewe dele van die liggaam. Baie mense wil graag oefengewoontes aanleer om hul gesondheid te verbeter, maar dit is moeilik om na 'n lang tyd weer te begin oefen. Swem is maklike oefening wat geskik is vir almal, selfs al is hulle liggame nie baie sterk nie.

Kardiovaskulêre oefening is goed vir mense wat kalorieë wil verbrand om gewig te verloor. Sommige van hierdie oefeninge vereis baie inspanning. Veroudering lei tot ‘n verlies aan beendigtheid. Gereelde swemsessies help om beendigtheid te verhoog. Studies het getoon dat swem ook mense se longkapasiteit verhoog. Asmalyers kan nie sommer enige oefening doen nie. Swem verminder die ernstige simptome van asma.

Swem is dus 'n baie veelsydige sport.

[Verwerk uit warbletoncouncil.org]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat hier volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**

(3.2) **Swart Marlyne Swemklub**



(3.3) **Begin jou pad na 'n Olimpiese medalje by die heel beste swemklub.**

**Almal met swemtalent sal hier wil oefen.**

(3.4) **Wil jy jou swemtye verbeter?**

**Wonder jy of jy dalk 'n goeie swemmer kan wees?**

(3.6) **Hier is plek vir ELKEEN wat in swem wil PRESTEER.**

**Die EERSTE 10 nuwe inskrywings ontvang elk drie gratis swemlesse.**

**Skryf GOU in om teleurstelling te voorkom.**

**Die (3.8) (goed) afrigters staan reg om jou talent te ontwikkel.**

**Skakel sommer nou: 012 – 1258977**

[Verwerk uit google images]

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.1 Watter groep mense sal **nie** in hierdie advertensie belangstel **nie**? (1)

3.2 Watter tegniek gebruik die adverteerder om die opskrif van die advertensie te laat uitstaan? (1)

3.3 Begin jou pad na 'n Olimpiese medalje by die heel beste swemklub.

3.3.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die sin hierbo is 'n voorbeeld van (manipulering/stereotipering). (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord by 3.3.1. (1)

3.4 Skryf die sin hieronder oor as 'n STELSIN?

Wil jy jou swemtye verbeter? (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.5) neer.

Die adverteerder maak gebruik van verskeie vrae om …

A die swemklub te beskryf.
B die advertensie vol te maak.
C belangrike woorde te laat uitstaan.
D die leser direk te betrek. (1)

3.6 Wat wil die adverteerder bereik deur die woorde in die sin hieronder in hoofletters te skryf?

Hier is plek vir ELKEEN wat in swem wil PRESTEER. (1)

3.7 Waarom sal jy graag een van die eerste tien inskrywings wil wees? (1)

3.8 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Die (goed) afrigters staan reg om jou talent te ontwikkel. (1)

3.9 Watter belangrike inligting het die adverteerder weggelaat? (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

**TEKS E**




**RAAMPIE 1** **RAAMPIE 2** **RAAMPIE 3** **RAAMPIE 4**

[Verwerk uit google cartoon images]

4.1 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Die seuntjie sê: "Ek kan nie glo Ma het my vir swemlesse ingeskryf nie." (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 2.

Waaruit kan ons aflei dat die seuntjie langs die swembad staan? (1)

4.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord in hakies.

My (lyf) is gevries. (1)

4.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Kyk na die seuntjie se woorde in RAAMPIE 2.

Ek moet nou in hierdie koue water spring en ek gaan seker verdrink.

4.4.1 Die seuntjie se woorde is 'n voorbeeld van (oordrywing/eufemisme). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.4.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

4.5 Hoe weet jy dat die seuntjie nie die woorde in RAAMPIE 3 hardop sê nie? (1)

4.6 Skryf die woord tussen hakies oor met die korrekte SPELLING.

Al wat hierdie dag kan erger maak, is dat die swemles deur my aaklige (oppaser) aangebied word. (1)

4.7 Kyk na die lyftaal van die seuntjie en sy oppasser in RAAMPIE 4.

4.7.1 Hoe kan ons sien hy het groot geskrik? (1)

4.7.2 Dink jy sy is regtig so aaklig soos die seuntjie sê. Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die humor in die strokie word versterk deur (die seuntjie se onwilligheid om te swem/die seuntjie se ma wat hom ingeskryf het vir swemlesse). (1)
**[10]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

## Die jong Chad Le Clos swem

Chad is op (5.1.1) (12) April 1992 in Durban gebore. Sy (5.1.2) (ouer) is Bert en Geraldine en hy het een suster Bianca en twee broers, Jordan en Justin.
Van kleins af was swem die (5.1.3) (sport+soort) waarin hy belanggestel en uitgeblink het. Lindsay Manthey was een van die onderwysers by sy skool, Penzance Primêre Skool. (5.1.4) (Hierdie onderwyser het eerste sy talent raakgesien).

(5.1.5) Chad is tien jaar oud toe hy aan swemkompetisies begin deelneem. Hy het rekords by die (5.1.6) (**Junior**) Statebondspele verbeter. Hy het ook vyf medaljes by die eerste Jeug (5.1.7) (Olimpiese) Spele in Singapoer gewen. Chad was teen 2022 slegs die tiende persoon in Suid-Afrika wat meer as een medalje by dieselfde Olimpiese Spele kon wen. Die ander (5.1.8) (swemmer) was Penny Heyns en Tatyana Schoenmaker. Roland Schoeman het (5.1.9) meer as een medalje (…) Athene gewen.

(5.1.10) (Chad het reeds agtien Statebondspelemedaljes gewen. Hy is nou gelyk met Michael Gault en Phil Adams). Beide van hulle het ook agtien medaljes by die Statebondspele gewen. Chad hou ook baie van sokker. (5.1.11) Manchester United is sy gunstelingspan. Terwyl daar in 2021 reisbeperkings was (5.1.12) (as gevolg van) die COVID-19-pandemie, moes Chad en sy medeswemmers by ŉ aantal verskillende swembaddens oefen. Daar was nie 'n geskikte swembad wat (5.1.13) (heeltyd) beskikbaar was nie. Dirk Lange, Chad se nuwe afrigter, was vir (5.1.14) (vier) jaar die hoofafrigter by Swem Suid-Afrika.

[Verwerk uit https.//en.m.wikipedia]

5.1.1 Skryf die getal tussen hakies as 'n woord.

Chad is op (12) April 1992 in Durban gebore. (1)

5.1.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Sy (ouer) is Bert en Geraldine. (1)

5.1.3 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Van kleins af was swem die (sport+soort) waarin hy belanggestel en uitgeblink het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.1.4 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Hierdie onderwyser het eerste sy talent raakgesien. (1)

5.1.5 Skryf die sin oor in die verlede tyd.

Chad is tien jaar oud toe hy aan swemkompetisies begin deelneem. (1)

5.1.6 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord in hakies.

Hy het rekords by die **Junior** Statebondspele gebreek. (1)

5.1.7 Verdeel die onderstreepte woord in LETTERGREPE.

Hy het ook vyf medaljes by die eerste Jeug Olimpiese Spele in Singapoer gewen. (1)

5.1.8 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Die ander (swemmer) was Penny Heyns in Atlanta … (1)

5.1.9 Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul.

Roland Schoeman het meer as een medalje (…) Athene gewen. (1)

5.1.10 Verbind die sinne hieronder deur gebruik te maak van die VOEGWOORD tussen hakies. (dus)

Chad het reeds agtien Statebondspelemedaljes gewen.
Hy is nou gelyk met Michael Gault en Phil Adams. (1)

5.1.11 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE vorm.

Manchester United is sy gunstelingspan. (1)

5.1.12 Gee die AFKORTING van die woord tussen hakies.

Terwyl daar in 2021 reisbeperkings was (as gevolg van) die COVID-19-pandemie, moes Chad en sy medeswemmers by ŉ aantal verskillende swembaddens oefen. (1)

5.1.13 Gee ‘n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Daar was nie 'n geskikte swembad wat (heeltyd) beskikbaar was nie. (1)


5.1.14 Gebruik die HOMONIEM van **vier** in ‘n sin sodat die betekenis duidelik is.

Dirk Lange, Chad se nuwe afrigter, was vir **vier** jaar die hoofafrigter by Swem Suid-Afrika. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G PRENT**



[Verwerk uit google images]

5.2.1 Skryf die hele sin oor in die INFINITIEF.

Kinders hou daarvan (in die water speel). (1)

5.2.2 Skryf die vetgedrukte woord korrek oor.

**Daar's** mooi palmbome in die agtergrond van die prentjie. (1)

5.2.3 Vul die korrekte LEESTEKEN in die onderstaande sin in. Onderstreep die leesteken.

Die kinders swem duik en speel in die water. (1)

5.2.4 Vorm 'n SELFSTANDIGE NAAMWOORD van die werkwoord tussen hakies.

Daar is 'n groot (drup) water wat spat as hy duik. (1)

5.2.5 Kies die woord met die KORREKTE SPELLING uit dié tussen hakies.

Daar is klein (boompies/boomtjies) in die agtergrond. (1)

5.2.6 Gee die teenoorgestelde geslag van die woord tussen hakies.

Die kinders wat in die water speel is almal (seuns). (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou